THE SUPREME COURT OF APPEAL
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## MEDIA OPSOMMING - In die Hoogste Hof van Appèl

In die saak tussen :

| | |
|---|---|
| GEORGE FREDERIK WESSELS NO | APPELLANT |
| en | |
| DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, BLOEMFONTEIN | EERSTE RESPONDENT |
| FREDERIK JOHANNES THEODORUS BEZUIDENHOUT (JNR) | TWEEDE RESPONDENT |
| JACOMINA JOHANNA GROBLER | DERDE RESPONDENT |
| JEREMIAS JACOBUS ANDRIES BEZUIDENHOUT | VIERDE RESPONDENT |
| WILHELMINA CECILIA RAUTENBACH | VYFDE RESPONDENT |
| FREDDIE RAUTENBACH | SESDE RESPONDENT |
| REINETTE RAUTENBACH | SEWENDE RESPONDENT |
| ESMERELDA BEZUIDENHOUT | AGTSTE RESPONDENT |
| JOHANNA ELIZABETH NEL | NEGENDE RESPONDENT |
| PATRICIA BEZUIDENHOUT | TIENDE RESPONDENT |
| FREDERIK BEZUIDENHOUT (JNR) | ELFDE RESPONDENT |

Van: Die Griffier, Hoogste Hof van Appèl Appeal
Datum: 23 Maart 2007
Status: Dadelik

Op 23 Maart 2007 het die Hoogste Hof van Appèl uitspraak gegee in die saak van Wessels NO v Die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en andere. Mnr Wessels is die eksekuteur in die boedel van wyle F J T Bezuidenhout (die testateur) wat op 7 Maart 2004 oorlede is.

Op 18 Januarie 2002 het die testateur en sy eggenote (die testatrise) 'n gesamentlike testament gemaak. Die testament was duidelik gebaseer

op die veronderstelling dat die testateur eerste te sterwe sou kom. Hierdie veronderstelling het egter later geblyk onjuis te wees aangesien die testatrise toe inderdaad eerste oorlede is.  Na die dood van die testatrise het die testateur twee kodisille verly waarin hy die gesamentlike testament as sy testament beskryf het en daarna voortgegaan het om die bepalings van die testament in sekere opsigte te wysig.

As eksekuteur in die testateur se boedel, het mnr Wessels die standpunt ingeneem dat die gesamentlike testament, soos gewysig deur die twee kodisille, as die testateur se laaste wilsbeskikking aanvaar moes word. Daarteenoor was die Meester van oordeel dat die gesamentlike testament by die testatrise se dood verval het, dat die testateur derhalwe sonder enige testament te sterwe gekom het en dat sy boedel gevolglik intestaat moet vererf.

Die Hooggeregshof in Bloemfontein het die Meester se standpunt bevestig.  Op appèl het die Hoogste Hof van Appèl met die beslissing van die Hooggeregshof akkoord gegaan.  Omdat die gesamentlike testament gebaseer was op die veronderstelling dat die testatrise die langslewende sou wees, so het beide howe bevind, het die testament by haar vooroorlye verval.

Die appellant se verdere betoog dat die testateur die vervalle testament deur middel van die twee latere kodisille laat herleef het, het twee vrae laat ontstaan.  Eerstens die regsvraag, waaroor daar voor die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl in hierdie saak onsekerheid was, naamlik of 'n testateur in beginsel in staat is om 'n vervalle testament in 'n latere kodisil te laat herleef.  Tweedens, die feitevraag of, indien dit

wel moontlik is, die testateur op die feite van die onderhawige geval bedoel het om dit te doen.

Op die regsvraag het die HHA die appellant gelyk gegee. Op die feitevraag het die hof egter bevind dat die appellant nie daarin geslaag het om 'n herlewingsbedoeling aan die kant van die testateur te bewys nie. Die bewoording van die twee kodisille, so het die hof bevind, dui daarop dat die testateur geglo het dat die gesamentlike testament nog geldig is. Hoewel hierdie geloof verkeerd was, was dit, na die hof se oordeel, in stryd met 'n bedoeling aan die kant van die testateur om die testament te laat herleef. Met appellant se antwoord hierop, dat dit 'n hoogs tegniese standpunt is om in te neem, het die hof nie saamgestem nie. Dit kan nie gesê word, het die hof bevind, dat die testateur op dieselfde wyse sou optree indien hy geweet het dat die gesamentlike testament nie meer geldig was nie.